Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Republic of South Africa ◆ Republiek van Suid-Afrika

# Government Gazette Extraordinary

# Buitengewone Staatskoerant

(Registered at the Post Office as a Newspaper) (As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

(REGULATION GAZETTE No. 864) Price 10c Prys Overseas 15c Oorsee POST FREE – POSVRY (REGULASIEKOERANT No. 864)

VOL. 29.] PRETORIA, 10 NOVEMBER 10 NOVEMBER 1967. [No. 1889.

## GOVERNMENT NOTICES.

### DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING.

No. R. 1773.] [10 November 1967.

EGG CONTROL SCHEME.

INFORMATION REGARDING EGGS AND FOWLS TO BE FURNISHED BY CERTAIN PERSONS.

In terms of section 29 (2) of the Marketing Act, 1937 (No. 26 of 1937), I, Dirk Cornelis Hermanus Uys, Minister of Agricultural Economics and Marketing, hereby make known that the Egg Control Board, mentioned in section 3 of the Egg Control Scheme published by Proclamation No. R. 64 of 1963, as amended, has, in terms of section 15 of that scheme, and with my approval, prescribed the information regarding eggs and fowls to be furnished by certain persons to the said Board, the times when and the form on which such information is to be so furnished, as set out in the Schedule hereto.

And I further make known that this notice shall come into operation on the date of publication hereof.

D. C. H. UYS,
Minister of Agricultural Economics and Marketing.

SCHEDULE.

1. In this notice any word or expression to which a meaning has been assigned in the Egg Control Scheme published by Proclamation No. R. 64 of 1963, as amended, has the same meaning and any word or expression to which a meaning has been assigned in the Marketing Act, 1937 (No. 26 of 1937), but to which a meaning has not been assigned in the said scheme, has the meaning assigned to it in the said Act: Further, unless inconsistent with the context—

" month " means a period extending from the first to the last day, both days inclusive, of any one of the twelve months of the year; and

" quarter " means any one of the following periods in the same year: —

1st January to 31st March, both days inclusive;
1st April to 30th June, both days inclusive;
1st July to 30th September, both days inclusive; or
1st October to 31st December, both days inclusive.

2. Any person who—

(*a*) at any time in any particular quarter has in his possession two hundred and more hens and/or hen chickens, or

(*b*) during any month in any particular quarter slaughters and/or sells for slaughtering purposes two hundred and more fowls,

shall within ten days after the last day of that quarter, on the form set out in the annexure hereto, furnish to the Board in respect of such quarter the information required therein.

## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

### DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING.

No. R. 1773.] [10 November 1967.

EIERBEHEERSKEMA.

INLIGTING AANGAANDE EIERS EN HOENDERS WAT DEUR SEKERE PERSONE VERSTREK MOET WORD.

Kragtens artikel 29 (2) van die Bemarkingswet, 1937 (No. 26 van 1937), maak ek, Dirk Cornelis Hermanus Uys, Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking, hierby bekend dat die Eierbeheerraad, genoem in artikel 3 van die Eierbeheerskema, afgekondig by Proklamasie No. R. 64 van 1963, soos gewysig, kragtens artikel 15 van daardie skema, en met my goedkeuring, die inligting wat aan genoemde Raad deur sekere persone verstrek moet word aangaande eiers en hoenders, die tye wanneer en die vorm waarop die inligting aldus verstrek moet word, voorgeskryf het soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

En voorts maak ek bekend dat hierdie kennisgewing op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

D. C. H. UYS,
Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking.

BYLAE.

1. In hierdie kennisgewing het 'n woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis geheg is in die Eierbeheerskema, afgekondig by Proklamasie No. R. 64 van 1963, soos gewysig, dieselfde betekenis en het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Bemarkingswet, 1937 (No. 26 van 1937), 'n betekenis geheg is maar waaraan geen betekenis in genoemde skema geheg is nie, die betekenis in genoemde Wet daaraan geheg: Voorts, tensy in stryd met die samehang, beteken—

„ maand ", 'n tydperk wat van die eerste tot die laaste dag, albei dae ingesluit, van enigeen van die twaalf maande van die jaar strek; en

„ kwartaal ", enigeen van die volgende tydperke in dieselfde jaar: —

1 Januarie tot 31 Maart, albei dae ingesluit;
1 April to 30 Junie, albei dae ingesluit;
1 Julie tot 30 September, albei dae ingesluit; of
1 Oktober tot 31 Desember, albei dae ingesluit.

2. Elke persoon wat—

(*a*) te enige tyd in 'n bepaalde kwartaal tweehonderd of meer henne en/of henkuikens in sy besit het; of

(*b*) gedurende enige maand in 'n bepaalde kwartaal tweehonderd of meer hoenders slag en/of vir slagdoeleindes verkoop,

moet binne tien dae na die laaste dag van daardie kwartaal op die vorm soos in die aanhangsel hiervan uiteengesit die inligting daarin vereis aan die Raad ten opsigte van daardie kwartaal verstrek.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*Remarks.*

1. Attention is drawn to section 23 of the Egg Control Scheme which provides that any person who contravenes or fails to comply with any requirement prescribed in terms of the said scheme or who, in any statement, furnishes any information which is incorrect or calculated to mislead, shall be guilty of an offence and on conviction liable to a fine not exceeding two hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and imprisonment.

2. The form prescribed in the annexure is obtainable from the Egg Control Board, Private Bag 176, Pretoria.

*Opmerkings.*

1. Aandag word gevestig op artikel 23 van die Eierbeheerskema wat bepaal dat 'n persoon wat 'n vereiste kragtens genoemde skema voorgeskryf, oortree of versuim om daaraan te voldoen of in 'n opgawe inligting verstrek wat onjuis is of daarop bereken is om te mislei, skuldig is aan 'n misdryf en by skuldigverklaring strafbaar is met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, of met beide sodanige boete en gevangenisstraf.

2. Die vorm voorgeskryf in die aanhangsel is verkrygbaar by die Eierbeheerraad, Privaatsak 176, Pretoria.

ANNEXURE.—AANHANGSEL.

TO THE GENERAL MANAGER,
EGG CONTROL BOARD,
PRIVATE BAG 176,
PRETORIA.

No.

AAN DIE HOOFBESTUURDER,
EIERBEHEERRAAD,
PRIVAATSAK 176,
PRETORIA.

QUARTERLY SCHEDULE OF INFORMATION CONCERNING NUMBER OF HENS AND HEN CHICKENS AND NUMBER OF EGGS PRODUCED MONTHLY, AND NUMBER OF FOWLS AND CHICKENS SLAUGHTERED AND/OR SOLD FOR SLAUGHTERING PURPOSES.

*KWARTAALLIKSE STAAT VAN INLIGTING OMTRENT GETAL HENNE EN HENKUIKENS EN AANTAL EIERS MAANDELIKS GEPRODUSEER EN GETAL HOENDERS EN KUIKENS MAANDELIKS GESLAG EN/OF VIR SLAGDOELEINDES VERKOOP.*

1.

| | For Office use only. *Alleen vir Kantoor gebruik.* | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Registered Number. *Geregistreerde Nommer.* | | | Code. *Kode.* | District No. *Distrik No.* |
| (*a*) Name<br>*Naam*..........<br>(*b*) Postal Address<br>*Posadres*..........<br>(*c*) Name of Farm<br>*Plaasnaam*..........<br>(*d*) Magisterial District<br>*Landdrosdistrik*.......... | Region. *Streek.* | Area. *Gebied.* | File. *Lêer.* | | |
| | | | | | |

2.

| Schedule of Information for Quarter ended:<br>(Please indicate quarter by entering cross in correct column)<br>*Staat van Inligting vir Kwartaal geëindig:*<br>(*Dui asb. kwartaal aan deur kruisie in toepaslike kolom te plaas*) | 31 March *Maart.* | 30 June *Junie.* | 30 Sept. *Sept.* | 31 Dec. *Des.* | Year. *Jaar.* |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | |

3.

| Number of hens and hen chickens for egg production (including eggs for hatching purposes) possessed on last day of quarter.<br>*Getal henne en henkuikens vir eierproduksie (insluitende eiers vir broeidoeleindes) in besit gehad op laaste dag van kwartaal.* | |
|---|---|
| (*a*) Number of hens and hen chickens under 5 months old<br>*Aantal henne en henkuikens onder 5 maande oud*.......... | |
| (*b*) Number of hens 5 months old and older<br>*Aantal henne 5 maande oud en ouer*.......... | |

4.

| Number of dozens of eggs produced monthly during quarter concerned.<br>*Aantal dosyne eiers maandeliks geproduseer gedurende betrokke kwartaal.* | 1<br>1st Month.<br>*1ste Maand.* | 2<br>2nd Month.<br>*2de Maand.* | 3<br>3rd Month.<br>*3de Maand.* |
|---|---|---|---|
| (*a*) Total number of dozens of eggs produced<br>*Totale aantal dosyne eiers geproduseer*.......... | | | |
| (*b*) Number of dozens of eggs sold<br>*Aantal dosyne eiers verkoop*.......... | | | |
| (*c*) Number of dozens of eggs used for hatching purposes<br>*Aantal dosyne eiers gebruik vir broeidoeleindes*.......... | | | |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



5.

| Number of fowls and chickens slaughtered and/or sold for slaughtering purposes monthly during quarter concerned. *Getal hoenders en kuikens maandeliks geslag en/of verkoop vir slagdoeleiendes gedurende betrokke kwartaal.* | 1<br>1st Month.<br>*1ste Maand.* | 2<br>2nd Month.<br>*2de Maand.* | 3<br>3rd Month.<br>*3de Maand.* |
|---|---|---|---|
| (*a*) Number of fowls and chickens up to 3 months old<br>*Getal hoenders en kuikens tot 3 maande oud*.......... | | | |
| (*b*) Number of fowls over 3 months old<br>*Getal hoenders ouer as 3 maande*.......... | | | |
| (*c*) Total number of fowls and chickens<br>*Totale getal hoenders en kuikens*.......... | | | |

I, the undersigned, declare that the information furnished in this schedule is true and correct and that I fully understand the contents of this schedule.

*Ek, die ondergetekende, verklaar dat die inligting wat in hierdie staat verstrek is, waar is en dat ek die inhoud van hierdie staat ten volle begryp.*

Date/*Datum*..........

..........
Signature/*Handtekening*.

No. R. 1782.] [10 November 1967.

SOUTH AFRICAN CITRUS SCHEME.

SUSPENSION OF THE PROHIBITION ON THE SALE SALE OF LEMONS IN THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

In terms of section 29 of the Marketing Act, 1937 (No. 26 of 1937), I, Dirk Cornelis Hermanus Uys, Minister of Agricultural Economics and Marketing, do hereby make known that the Citrus Board, referred to in section 3 of the South African Citrus Scheme, published by Proclamation No. R. 121 of 1964, as amended, has with my approval, repealed the prohibition on the sale of Lemons, Meyer Lemons, Rough Lemons and Limes in the Republic of South Africa, imposed in terms of section 16 (1) (*o*) read with section 21 of the said scheme, and published by Government Notice No. R. 650 of the 5th May 1967, with effect from 11th November 1967.

D. C. H. UYS,
Minister of Africultural Economics and Marketing.

*Explanatory Note.*—The effect of this notice is that until further notice, producers of Lemons, Meyer Lemons, Rough Lemons and Limes will be free on and after the 11th November 1967, to sell their lemons and limes as, when and where they please.

No. R. 1782.] [10 November 1967.

SUID-AFRIKAANSE SITRUSSKEMA.

OPHEFFING VAN VERBOD OP DIE VERKOOP VAN SUURLEMOENE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

Kragtens artikel 29 van die Bemarkingswet, 1937 (No. 26 van 1937), maak ek, Dirk Cornelis Hermanus Uys, Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking, hierby bekend dat die Sitrusraad genoem in artikel 3 van die Suid-Afrikaanse Sitrusskema afgekondig by Proklamasie No. R. 121 van 1964, soos gewysig, met my goedkeuring die verbod op die verkoop van Suurlemoene, Meyer-Suurlemoene, Ru-Suurlemoene en Lemmetjies in die Republiek van Suid-Afrika, opgelê kragtens artikel 16 (1) (*o*) gelees met artikel 21 van die genoemde skema en gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 650 van 5 Mei 1967, opgehef het, met ingang van 11 November 1967.

D. C. H. UYS,
Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking.

*Ter verduidelikking.*—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dát, vanaf 11 November 1967 tot verdere kennisgewing dit produsente van Suurlemoene, Meyer-suurlemoene, Ru-suurlemoene en Lemmetjies soos, wanneer en waar hulle goeddink, te verkoop.

## DEPARTMENT OF BANTU EDUCATION.

No. R. 1803.] [10 November 1967.

AMENDMENT OF THE REGULATIONS IN CONNECTION WITH THE REGISTRATION OF BANTU SCHOOLS.

Under and by virtue of the powers vested in me by section 15 of the Bantu Education Act, 1953 (Act No. 47 of 1953), as amended, I, Michiel Coenraad Botha, Minister of Bantu Education, hereby amend the regulations published under Government Notice No. R. 62, dated 11 January 1963, as follows: —

1. By the deletion in regulation 5 (1) of the following words: —

"... and issue to the applicant a registration certificate essentially in the form of Annexure C."

2. By the substitution for regulation 5 (2) and (3) of the following subregulation: —

"(2) An owner whose school has been registered in terms of these regulations, shall not change the site of the school without the approval of the Minister."

3. By the deletion of Annexure C.

M. C. BOTHA,
Minister of Bantu Education.

Amendment Slip No. 26.]

## DEPARTEMENT VAN BANTOE-ONDERWYS.

No. R. 1803.] [10 November 1967.

WYSIGING VAN DIE REGULASIES IN VERBAND MET DIE REGISTRASIE VAN BANTOESKOLE.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 15 van die Wet op Bantoe-onderwys, 1953 (Wet No. 47 van 1953), soos gewysig, wysig ek, Michiel Coenraad Botha, Minister van Bantoe-onderwys, hierby die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 62 van 11 Januarie 1963 soos volg: —

1. Deur in regulasie 5 (1) die volgende woorde te skrap: —

„... en reik hy 'n registrasiesertifikaat wesenlik in die vorm van Aanhangsel C aan die applikant uit."

2. Deur regulasie 5 (2) en (3) deur die volgende subregulasie te vervang: —

„(2) 'n Eienaar wie se skool kragtens hierdie regulasies geregistreer is, mag nie die skool se standplaas verander sonder die goedkeuring van die Minister nie."

3. Deur Aanhangsel C te skrap.

M. C. BOTHA,
Minister van Bantoe-onderwys.

Wysigingstrokie No. 26.]

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## DEPARTMENT OF LABOUR.

No. R. 1774.] [10 November 1967.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956.

CHEMICAL MANUFACTURING INDUSTRY, WITWATERSRAND AND PRETORIA.

AMENDMENT OF SICK BENEFIT FUND AGREEMENT.

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, hereby—

(*a*) in terms of section 48 (1) (*a*) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Chemical Manufacturing Industry, shall be binding from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending the 30th June 1969, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or union;

(*b*) in terms of section 48 (1) (*b*) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement shall be binding from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending the 30th June 1969 upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (*a*) of this notice who are engaged or employed in the said Industry in the Magisterial District of Johannesburg [excluding Portion 25 (of portion of that portion) of the farm Klipspruit 8 owned by African Explosives and Chemical Industries Limited under Deed of Transfer 18558/1947, measuring 7·0866 morgen—vide Diagram S.G. A.39994/46—and that portion which prior to the publication of Government Notice No. 1383 of the 11th September 1964 fell within the Magisterial District of Roodepoort], the Magisterial District of Germiston, including that portion of the Magisterial District of Alberton which prior to the publication of Government Notice No 1716 of the 26th October 1962 fell within the Magisterial District of Germiston, but excluding the farms Modderfontein 3, Klipfontein 19 and Portion A and portion of the farm Zuurfontein 18 owned by African Explosives and Chemical Industries Limited measuring 74 morgen 568 square roods and 8 morgen 322 squares roods—vide Diagrams S.G. A.4295/12 and A.2216/90, respectively—hereinafter referred to as "the said farms", the Magisterial District of Boksburg (excluding that portion which prior to the publication of Government Notice 1779 of the 6th November 1964 fell within the Magisterial District of Heidelberg) the Magisterial Districts of Springs and Pretoria and in those portions of the Magisterial District of Kempton Park (excluding the said farms) which prior to the publication of Government Notice No. 556 of the 29th March 1956 fell within the Magisterial Districts of Johannesburg, Germiston, Boksburg and Pretoria; and

(*c*) in terms of section 48 (3) (*a*) of the said Act, declare that in the Magisterial District of Johannesburg [excluding Portion 25 (of portion of that portion) of the farm Klipspruit 8 owned by African Explosives and Chemical Industries Limited under Deed of Transfer 18558/1947, measuring 7·0866 morgen—vide Diagram S.G. A.39994/46—and that portion which prior to the publication of Government Notice No. 1383 of the 11th September 1964 fell within the Magisterial District of Roodepoort], the Magisterial District of Germiston, including that portion of the Magisterial District of Alberton which prior to the publication of Government Notice No. 1716 of the 26th October 1962 fell within the Magisterial District of Germiston, but excluding the said farms, the Magisterial District of Boksburg (excluding that portion which prior to the publication of Government Notice No. 1779 of the 6th November 1964 fell within the Magisterial District of Heidelberg), the Magisterial Districts of Springs and Pretoria and in those portions of the Magisterial District of Kempton Park (excluding the said farms) which prior to the publi-

## DEPARTEMENT VAN ARBEID.

No. R. 1774.] [10 November 1967.

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956.

CHEMIKALIEËNYWERHEID, WITWATERSRAND EN PRETORIA.

WYSIGING VAN SIEKTEBYSTANDSFONDS-OOREENKOMS.

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(*a*) kragtens artikel 48 (1) (*a*) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hieronder die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Chemikalieënywerheid betrekking het, vanaf die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 Junie 1969 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakvereniging wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of vereniging is;

(*b*) kragtens artikel 48 (1) (*b*) van genoemde Wet dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms vanaf die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 Junie 1969 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié vermeld in paragraaf (*a*) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Nywerheid in die landdrosdistrik Johannesburg [uitgesonderd Gedeelte 25 (van gedeelte van daardie gedeelte) van die plaas Klipspruit 8 wat kragtens Transportakte 18558/1947 die eiendom van African Explosives and Chemical Industries Limited is en 7·0866 morg beslaan—kyk Kaart S.G. A.39994/46—en daardie gedeelte wat voor die publikasie van Goewermentskennisgewing No. 1383 van 11 September 1964 binne die landdrosdistrik Roodepoort geval het], die landdrosdistrik Germiston, met inbegrip van daardie gedeelte van die landdrosdistrik Alberton wat voor die publikasie van Goewermentskennisgewing No. 1716 van 26 Oktober 1962 binne die landdrosdistrik Germiston geval het, maar uitgesonderd die plase Modderfontein 3, Klipfontein 19 en Gedeelte A en gedeelte van die plaas Zuurfontein 18 wat die eiendom van African Explosives and Chemical Industries Limited is en onderskeidelik 74 morg 568 vierkante roede en 8 morg 322 vierkante roede beslaan—kyk onderskeidelik Kaart S.G. A.4295/12 en Kaart S.G. A.2216/90—hieronder „die genoemde plase" genoem, die landdrosdistrik Boksburg (uitgesonderd daardie gedeelte wat voor die publikasie van Goewermentskennisgewing No. 1779 van 6 November 1964 binne die landdrosdistrik Heidelberg geval het), die landdrosdistrikte Springe en Pretoria en in daardie gedeeltes van die landdrosdistrik Kempton Park (uitgesonderd die genoemde plase) wat voor die publikasie van Goewermentskennisgewing No. 556 van 29 Maart 1956 binne die landdrosdistrikte Johannesburg, Germiston, Boksburg en Pretoria geval het; en

(*c*) kragtens artikel 48 (3) (*a*) van genoemde Wet dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms vanaf die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 Junie 1969 eindig, in die landdrosdistrik Johannesburg [uitgesonderd Gedeelte 25 (van gedeelte van daardie gedeelte) van die plaas Klipspruit 8 wat kragtens Transportakte 18558/1947 die eiendom van African Explosives and Chemical Industries Limited is en 7·0866 morg beslaan—kyk Kaart S.G. A.39994/46—en daardie gedeelte wat voor die publikasie van Goewermentskennisgewing No. 1383 van 11 September 1964 binne die landdrosdistrik Roodepoort geval het], die landdrosdistrik Germiston, met inbegrip van daardie gedeelte van die landdrosdistrik Alberton wat voor die publikasie van Goewermentskennisgewing No. 1716 van 26 Oktober 1962 binne die landdrosdistrik Germiston geval het maar uitgesonderd die genoemde plase, die landdrosdistrik Boksburg (uitgesonderd daardie gedeelte wat voor die publikasie van Goewermentskennisgewing No. 1779 van 6 November 1964 binne die landdrosdistrik Heidel-

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



cation of Government Notice No. 556 of the 29th March 1956 fell within the Magisterial Districts of Johannesburg, Germiston, Boksburg and Pretoria, and from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending the 30th June 1969 the provisions of the Amending Agreement shall *mutatis mutandis* be binding upon all Bantu employed in the said Industry by the employers upon whom any of the said provisions are binding in respect of employees and upon those employers in respect of Bantu in their employ.

M. VILJOEN,
Minister of Labour.

SCHEDULE.

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE TRANSVAAL CHEMICAL MANUFACTURING INDUSTRY.

CHEMICAL MANUFACTURING INDUSTRY SICK BENEFIT FUND.

AGREEMENT

entered into in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, by and between the

Transvaal Chemical Manufacturers' Association,

of the one part, and the

Chemical Workers' Union,

of the other part,

being the parties to the Industrial Council for the Transvaal Chemical Manufacturing Industry, to amend clause 12 (Minimum Benefits) of the Chemical Manufacturing Industry Sick Benefit Fund Agreement published under Government Notice No. 929 of the 15th June 1962, as amended, by Government Notice No. R. 846 of the 11th June 1965 extended by Government Notice No. R. 939 of the 25th June 1965 and further amended by Government Notice No. R. 647 of the 29th April, 1966, as follows:—

Delete subclause (ii) and substitute the following:—

"(ii) *Optical benefit.*—The supply of optical lenses on the prescription of the eye-specialists of the Fund and dispensed by the opticians appointed by the Fund. This benefit shall exclude the supply of spectacle frames and cases, sunglasses and contact lenses, and shall also exclude repairs to spectacles or replacement occasioned by loss, theft or destruction."

Signed at Johannesburg on behalf of the parties this 19th day of July 1967.

A. RIMER,
Chairman of the Council.

DULCIE M. HARTWELL,
Vice-Chairman of the Council.

C. A. PAPPAS,
Secretary of the Council.

---

berg geval het), die landdrosdistrikte Springs en Pretoria en in daardie gedeeltes van die landdrosdistrik Kempton Park (uitgesonderd die genoemde plase) wat voor die publikasie van Goewermentskennisgewing No. 556 van 29 Maart 1956 binne die landdrosdistrikte Johannesburg, Germiston, Boksburg en Pretoria geval het, *mutatis mutandis* bindend is vir alle Bantoes in diens in genoemde Nywerheid by dié werkgewers vir wie enigeen van genoemde bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en vir daardie werkgewers ten opsigte van Bantoes in hul diens.

M. VILJOEN,
Minister van Arbeid.

BYLAE.

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE TRANSVAALSE CHEMIKALIEËNYWERHEID.

SIEKTEBYSTANDSFONDS VAN DIE CHEMIKALIEË-NYWERHEID.

OOREENKOMS

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, gesluit en aangegaan deur en tussen die

Transvaal Chemical Manufacturers' Association,

aan die een kant, en die

Chemical Workers' Union,

aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Transvaalse Chemikalieënywerheid, om klousule 12 (Minimum bystand) van die Siektebystandsfondsooreenkoms van die Chemikalieënywerheid, gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 929 van 15 Junie 1962, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. R. 846 van 11 Junie 1965, verleng by Goewermentskennisgewing No. R. 939 van 25 Junie 1965 en verder gewysig by Goewermentskennisgewing No. R. 647 van 29 April 1966, soos volg te wysig:—

Skrap subklousule (ii) en vervang dit deur die volgende:—

"(ii) *Gesigkundige bystand.*—Die verskaffing van gesigkundige lense voorgeskryf deur die oogspesialiste van die Fonds en uitgevoer deur die gesigkundiges wat deur die Fonds aangestel is. Hierdie bystand omvat nie ook die verskaffing van brilrame en -huisies, sonbrille en kontaklense nie en ook nie herstelwerk aan brille of die vervanging daarvan as gevolg van verlies, diefstal of vernietiging nie."

Op hede die 19de dag van Julie 1967 in Johannesburg onderteken.

A. RIMER,
Voorsitter van die Raad.

DULCIE M. HARTWELL,
Ondervoorsitter van die Raad.

C. A. PAPPAS,
Sekretaris van die Raad.

---

No. R. 1780.] [10 November 1967.

## APPRENTICESHIP ACT, 1944, AS AMENDED.

## NATIONAL PRINTING APPRENTICESHIP COMMITTEE.

## WITHDRAWAL AND PRESCRIPTION OF CONDITIONS OF APPRENTICESHIP.

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, acting in pursuance of section 16 (4) *ter* of the Apprenticeship Act, 1944, as amended, hereby declare that the provisions of Government Notice No. R. 1272 of the 25th August 1967, shall come into operation as from the date of publication of this notice.

M. VILJOEN,
Minister of Labour.

No. R. 1780.] [10 November 1967.

## WET OP VAKLEERLINGE, 1944, SOOS GEWYSIG.

## NASIONALE VAKLEERLINGSKAPKOMITEE VIR DIE DRUKKERSNYWERHEID.

## INTREKKING EN VOORSKRYWING VAN LEERVOORWAARDES.

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, handelende kragtens die bepalings van artikel 16 (4) *ter* van die Wet op Vakleerlinge, 1944, soos gewysig, verklaar hierby dat die bepalings van Goewermentskennisgewing No. R. 1272 van 25 Augustus 1967 in werking tree vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

M. VILJOEN,
Minister van Arbeid.

---

No. R. 1781.] [10 November 1967.

## WAR MEASURES ACT, 1940.

## SUSPENSION OF PAYMENT OF COST OF LIVING ALLOWANCES PAYABLE UNDER WAR MEASURE No. 43 OF 1942, AS AMENDED.

## APPRENTICES IN THE PRINTING AND NEWSPAPER INDUSTRY.

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, acting in terms of regulation 4 (1) of the regulations published under War Measure No. 43 of 1942, as amended, hereby suspend the

No. R. 1781.] [10 November 1967.

## WET OP OORLOGSMAATREËLS, 1940.

## OPSKORTING VAN BETALING VAN LEWENSKOSTETOELAES BETAALBAAR INGEVOLGE OORLOGSMAATREËL No. 43 VAN 1942, SOOS GEWYSIG.

## VAKLEERLINGE IN DIE DRUK- EN NUUSBLADNYWERHEID.

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, handelende kragtens die bepalings van regulasie 4 (1) van die regulasies gepubliseer by Oorlogsmaatreël No. 43 van 1942, soos

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



operation of the said regulations in respect of all apprentices for whom wage are prescribed by Government Notice No. R. 1272 of the 25th August 1967, as applied by Government Notice No. R. 1780 of 10 November 1967.

M. VILJOEN,
Minister of Labour.

No. R. 1797.] [10 November 1967.

BANTU LABOUR (SETTLEMENT OF DISPUTES) ACT, 1953.

DAIRY TRADE, WITWATERSRAND AND PRETORIA.

